# Die Olyftak



Olive Crescent
Aftreeoord Retirement Village

*Gesprekke en nuusberigte op ons tuisgrond*

h/v Leanderweg & Olivelaan
Olympus, Pretoria, 0081
Tel: (012) 809 2377 / Sel: 083 381 3475

**VOLUME 21** **JUNIE / JULIE 2025**

***From the Editorial team**: In this very cold winter following an exceptionally wet summer, we still have so much to be grateful for. Looking at all the turmoil in the world around us, we often tend to feel anxious and troubled. Yet we should remember that change is the only unchangeable aspect of life.* Ja, ons het talle veranderinge beleef die afgelope tyd. “Ons is almal in die vertreksaal”, het ons Arie Korf dikwels hoor sê. Gelukkig was sy “vertrek” as voorsitter van die RvT net tydelik (al was dit, onder meer, weens rugprobleme) en nie die soort “vertrek” waarna sy opmerking waarskynlik verwys het nie. *Arie’s recent “departure” was followed by an “arrival” – his marriage to Karin. We wish you both health and happiness.*

**Voorsittersbrief**:

Ons is deur ’n onstuimige paar weke sedert die bedanking van Arie Korf. Tydens die eerste Trustee-vergadering moes ons skarrel om alles in plek te kry, wat nogal ’n reuse uitdaging was. Dit was veral moeilik vanweë die groot las wat Arie die laaste sewe jaar gedra het. Soos dikwels in sulke situasies gebeur, word krisisbesluite geneem wat later blyk nie wel deurdag was nie.

Nietemin het ons nou weer rigting en het Arie ingestem om die portefeulje Finansies te hanteer ter ondersteuning van die voorsitter, maar nie as Trustee nie. Dit gee ons ’n geleentheid om deeglik te besin oor die volgende paar maande tot die verkiesing van Trustees.

Intussen sal Roelf van Tonder voortgaan met Omgewingsake terwyl Chris Welgens gekoöpteer is om met Tegnies te help. Daar is reeds besin oor opsies om die bestuur van die finansies aan te spreek en voorstelle sal mettertyd verfyn word tot ’n haalbare oplossing.

Ondanks die ontwrigting het daar verskeie positiewe dinge gebeur:

- Daar is ’n volledige onafhanklike risikoverslag ontvang wat deur die versekeraar gereël is en dit is aangespreek. Dit handel oor bewys van sertifisering van die elektriese infrastruktuur van al die gemeenskaplike areas asook die gasinstallasies wat die kombuis en sorgeenhede bedien. Ons het slegs die gasinstallasies se dokumentasie nie beskikbaar nie, maar is besig om dit te verkry.
- Dit impliseer dat ons oord in ’n goeie toestand is en nie risiko inhou vir die versekeraar nie; dit gee aan inwoners gemoedsrus.



- Die opgradering van die kliniek vorder goed en die dienslewering van Maricel en haar span is uitstekend. Dit is verblydend dat baie inwoners nou die kliniek besoek en van die dienste gebruik maak.

Dit is ’n uitdaging om as voorsitter op te tree, maar die trustee-span het bewys dat hulle bekwaam, doelgerig en toegewyd is. Daarvoor is ek baie dankbaar.

**Anton Joubert**





**’n Huldeblyk aan Arie Korf**

Vir die afgelope nagenoeg ses jaar het Arie die sake van die oord op uitnemende wyse bestuur. Die heel belangrikste was om te verseker dat die fondse so bestuur en aangewend word dat langtermyn volhoubaarheid verseker word. Die eise van die regulasies en wette vir aftreeoorde is baie duidelik, maar dikwels is dit nie maklik om daaraan te voldoen nie. Die voortdurende wisseling van Trustees skep ook eiesoortige probleme.

Met sy kundigheid en professionaliteit het Arie oor die jare die oord gelei om vandag met die beskikbare middele ’n groei in reserwes te behaal, om oor die lang termyn aan die vereiste van die wet te voldoen. Ons finansies is kerngesond. Die grondslag is gelê vir voortgesette groei in die toekoms.

Daar is groot waardering vir die opofferings wat Arie gemaak het en vir sy toewyding en deeglikheid met al sy verantwoordelikhede, veral die finansies. Hy het deurgaans goeie menseverhoudings gehandhaaf tesame met sy voortreflike finansiële en bestuurskundigheid.

Die verwerking van die bestuurstate soos MidCity dit verskaf in werkbare formaat vir Trustees met min of geen finansiële kundigheid nie, het dit moontlik gemaak om elke sub-komitee effektief te bestuur.

Hy het ook verskeie ander inisiatiewe gelei om die voorkoms en veiligheid van die oord te verseker. Die vestiging van ’n kliniek en versorgingsentrum wat aan al die vereistes van die oord voldoen en wat ook finansieel gesond is, het deur sy bemiddeling ’n werklikheid geword. Die mooi spuitfontein en tuin by die ingang is maar nog een van sy vele inisiatiewe.

Namens al die eienaars en inwoners – BAIE DANKIE, ARIE.

## OORDSTATISTIEK — *VILLAGE STATISTICS*

Eenhede te koop: 5 ( #28, #59, #65, #79, #81 )

Eenhede verkoop: 0 Eenhede te huur: 0

Reef Caterers – etes voorsien: 1021 Lentehof – bedokkupasie: 7

## TEGNIES – SKT

Daar is al in die verlede heelwat geskryf oor die grondwater wat in die oord voorkom. Die hoofoorsaak is dat daar in die gebied skalie voorkom wat dreinering beperk. Skalie word in Engels beskryf as “rock soil of mud” wat in wese versteende grond is. Die uitsonderlik baie reën van die afgelope reënseisoen het tot gevolg dat daar op verskeie plekke, veral waar min direkte sonlig val, ’n wit neerslag vorm. Die neerslag kan langtermyn skade aan plaveisel aanrig wat vermy kan word deur dit af te was met suikerseep of selfs net gewone huishoudelike vloeibare seep.

Die uitsonderlik hoë reënval het ook aan ons die geleentheid gebied om weer eens seker te maak dat ons nêrens die gevaar loop van water wat by huise kan instroom nie. Ons oord se uitleg met betrekking tot stormwater is baie goed en die hellings kanaliseer die water effektief na die stormwaterslote toe.

Tydens die onlangse verlengde kragonderbreking het ons kragopwekker en die “inverters” ons in staat gestel om die kliniek en die kombuis van genoeg kapasiteit te voorsien om operasioneel te bly. Dit het egter weer eens bevestig dat die beste alternatief vir Eskomkrag, naas sonkrag, betroubare en ononderbroke Eskomkrag is.

**Anton Joubert**

## DIENSTESENTRUM – SKD

**Sorgsentrum**:

Die sorgsentrum funksioneer goed. Daar is genoeg personeel om na almal se behoeftes om te sien.

Verwarmers is in die kamers aangebring. Daar is ’n kamera geïnstalleer wat direk gekoppel is na suster Maricel. In die groot watertenk buite is ’n nuwe pomp geïnstalleer. Pest Control het die perseel kom behandel. Die Departement van Gesondheid het Lentehof goedgekeur vir kategorie A, B en C. (Voorheen was dit net C.)



A: Mag kliniekdiens lewer.

B: Mag hulp verleen aan inwoners tuis.

C: Die Sorgeenheid is goedgekeur.

Daar is ook ’n sertifikaat uitgereik vir opdienkombuis.



Die trustees se hartlike dank aan beide eenhede vir hul toegewyde diens.

**Kombuis en eetsaal**:

Die winter is hier, en die slaaie maak plek vir sop. Die etes is betyds en alles verloop glad in die eetsaal. Clarisse bestuur die kombuis goed. Die sorgsentrum ontvang ook hul etes driemaal per dag.

Kan ons vra dat mense wat etes kom afhaal, asseblief nie voor 12uur kom nie. Dit maak dit baie moeilik vir die kombuispersoneel om hul werk te doen – veral Sondae, wanneer die eetsaal ook vol bespreek is, die sorgsentrum moet hul etes ontvang, en dan staan die eetsaal vol mense wat wag vir wegneemetes.

Indien daar probleme is, gebruik die rooi kissie om klagtes of probleme in te plaas, of kontak Lorraine van Rooyen sodat ons die probleem kan oplos. Baie dankie vir u samewerking.

Groete

**Lorraine van Rooyen**



## INWONERSAKE – SKI

Ons het het ’n tydperk van kommer deurgegaan deurdat ’n hele paar van ons inwoners in die hospitaal beland het met redelik ernstige probleme. Party moes operasies ondergaan. Van hulle is reeds ontslaan en danksy Lentehof kon hulle hier in die Oord aansterk. Rink van Kleef bly egter op ons lys wat regtig tans swaarkry in die hospitaal, al vir ’n hele aantal weke. Bid asseblief vir hom en San.



Ons het nuwe intrekkers verwelkom:
Coert en Aniki Grobbelaar.
Hulle gaan ’n aanwins wees en
het al van die aktiwiteite bygewoon.
Langs hierdie weg…baie welkom,
julle twee. Jul tuin is pragtig.



Wanneer hierdie uitgawe verskyn, het Arie Korf
en Karin Terblanchè al die 17de Junie getrou.
Om gelukkig te wees, is ’n keuse.
Ons vertrou dat julle baie gelukkig sal wees
in die dae en jare wat kom. Wees geseënd.

Ralph Harston skryf die volgende in sy boek:

*HAPPINESS IS A CHOICE, NOT A RESULT.*
*NOTHING WILL MAKE YOU HAPPY UNTIL YOU CHOOSE TO BE HAPPY.*
*NO PERSON WILL MAKE YOU HAPPY UNLESS YOU DECIDE TO BE HAPPY.*
*YOUR HAPPINESS WILL NOT COME TO YOU. IT CAN ONLY COME **FROM** YOU.*

Bogenoemde geld vir ons almal.

Ons beleef erge koue tans. So bly warm en mag Sy genade en vrede oor ons almal wees.

**Gezina Lombard**

Ons wil graag onder almal se aandag bring dat daar drie Kommisarisse van Ede hier in Olive Crescent woon.

Inwoners kan hulle gerus kontak om ’n afspraak te maak, sou julle dokumente benodig wat gesertifiseer moet word.

Maak asseblief ’n afspraak, moet nie sommer net opdaag by die eenheid nie. Bring altyd die oorspronklike dokumente saam, asook jou ID.

- Arie Korf:  082 450 6959
- Fanie Lombard:  083 410 3833
- Roelf Smith:  083 628 9838





## OMGEWINGSAKE – SKO

*Mowing of lawns is scheduled for the following weeks during winter:*

*16–20 June; 30 June–04 July; 14–18 July; 28 July–01 August; 11–15 August; 25–29 August.*

*The weekly summer mowing schedule will resume on 01 September.*

**Roelf van Tonder**



Ontwikkeling op die erf aangrensend aan ons noord-oostekant het ná die somerreën vinnig aan die gang gekom. Na raming gaan die bouwerk teen November voltooi wees. Intussen moet ons maar die stof en geraas vir lief neem. Die trustees doen weer eens 'n beroep op inwoners om so ver moontlik inheemse plante te vestig, ten einde die ryke voëllewe van ons omgewing hier in ons oord tuis te laat voel.

## SEKURITEIT – SKS

Sekuriteit gaan nie net oor fisieke veiligheid nie – ook oor identiteitsdiefstal. Pasop vir hierdie slenters:

- SIM-ruil-bedrog: Bedrieërs kan jou selfoonnommer steel deur 'n SIM-omruiling ('SIM-swop') te doen. Hulle kry dan toegang tot jou bankrekeninge en wagwoorde.
  Let op as jy skielik geen sein kry nie, of nie SMS'e of oproepe ontvang nie.

- Vals e-posse en SMS'e van "banke" of "koeriermaatskappye": Jy kry 'n boodskap wat lyk asof dit van jou bank of van 'n afleweringsdiens kom, met 'n skakel waarop jy moet kliek. Hulle probeer jou bankbesonderhede steel.
  Kyk uit vir spelfoute en vreemd klinkende e-posadresse.

- Koerier- en invoerbelasting-bedrog: Jy kry 'n oproep of SMS wat sê iemand het 'n geskenk of pakkie vir jou gestuur van die buiteland, maar jy moet eers 'n "belasting" of "afleweringsfooi" betaal.
  Moet nooit geld oorbetaal vir iets wat jy nie self bestel het nie.

- WhatsApp-nommerkaping: Jy kry 'n SMS met 'n kode, en iemand vra jou om dit vir hulle aan te stuur. As jy dit doen, steel hulle jou WhatsApp en gebruik dit om jou vriende en familie te bedrieg.
  Moet nooit verifikasie-kodes deel nie.

- Polisie- of pakkie-bedrog: Jy kry 'n oproep van iemand wat sê hulle is van die polisie of 'n doeane-beampte. Hulle sê daar is 'n pakkie met dwelms of iets onwettigs in jou naam. Hulle probeer jou bang maak en vra dat jy aanhou praat en sekere woorde of nommers sê.
  Sit dadelik die foon neer. Die polisie werk nie só nie.

Wees altyd versigtig. Moet nooit persoonlike inligting, wagwoorde of OTP's (eenmalige PIN's) oor die foon of die internet deel nie. As jy onseker is, vra iemand om te help of bel jou bank direk.

**Piet van Deventer**

ns – Baie dankie vir die samewerking ten opsigte van hek-toegangsbeheer. Dit gaan al baie beter!

## *In memoriam*

Lida van den Berg (#71) is op 9 Mei oorlede.
Ons harte gaan uit na haar kinders, familie en vriende.

*We hereby also express our sincere condolences to Ephraim, one of our security guards, who lost his mother at the beginning of June.*

## Hartlike gelukwense aan inwoners wat in Junie en Julie verjaar –

**Lorraine van Rooyen – #21 (03/06)**
**Benita Hughes – #5 (07/06)**
**Joyce Calitz – #74 (12/06)**
**Vicky Mentz – #46 (13/06)**
**Petro Potgieter – #30 (25/06)**
**Jan Schuurman – #20 (26/06)**
**Gerhard Swart – #7 (26/06)**
**Marlene van der Merwe – #55 (10/07)**
**Helen van der Merwe – #70 (12/07)**
**Avril Fernandez – #75 (13/07)**
**Gezina Lombard – #60 (13/07)**
**Anna-Lucia van der Merwe – #16 (18/07)**
**Roelf van Tonder – #26 (18/07)**
**Roelf Smith – #10 (21/07)**
**Marie Botma – #77 (23/07)**
**Elly van Zyl – #52 (24/07)**
**Corrie Nelson – terrein (29/07)**
**Arie Korf – #57 (30/07)**



People born in the 40's have lived in 8 decades, 2 centuries, and 2 millennia.
We had the best music, fastest cars, drive-in theatres, soda fountains and happy days.
And we are not even that old yet, we're just that cool.

## LESERSBYDRAES *READERS' CONTRIBUTIONS*

### This hit me:

You never really know the true impact you have on those around you.
You never know how much someone needed that smile you gave them.
You never know how much your kindness turned someone's entire life around.
You never know how much someone needed that long hug or deep talk.
So don't wait to be kind.
Don't wait for someone else to be kind first.
Don't wait for better circumstances or for someone to change.
**Just be kind, because you never know how much someone needs it**.







*"Ons leef almal onder dieselfde hemel,*
*maar ons het nie almal dieselfde horison nie."*
Konrad Adenhauer



Wanneer die dames maandeliks bymekaar kom, besef ons net hoe uniek die vrou geskape is en hoe ons horisonne verskil.



Ons het in Junie 'n heerlike middag beleef deur aan ons kreatiwiteit uiting te gee; elkeen se poging was besonders.



Ons wil langs hierdie weg ook dankie sê aan Sophia Pieterse, Rina Range en Petro Potgieter wat voortaan sal sorg vir mooi kaartjies vir ons siekes. Hulle lê selfs besoeke in die verskeie hospitale af.

Ons waardeer julle.



So maak ons 'n verskil.

Ons beplan om in Julie melkkos te verkoop en 'n outydse lekkerte met baie nostalgie te geniet.




Bly warm – en waak daarteen om te val!

Wanneer ons bywoning soms laag is, dink ek altyd aan die volgende:

*LIFE IS SO IRONIC,*
*IT TAKES SADNESS TO KNOW WHAT HAPPINESS IS,*
*NOISE TO APPRECIATE SILENCE*
*AND ABSENCE TO VALUE PRESENCE.*

**Gezina Lombard**



# LENTEHOF



**Lentehof Care Services – Price List**

**Home-Based Care Services (Per Visit / Per Hour)**

*(For clients staying in their own homes)*

| Service | Duration | Price |
|---|---|---|
| "Rise and Shine" Package | c.30 minutes per day<br>Morning bath, dress, vitals, meds | R 600 pm |
| Evening "Tuck-In" Visit (PM care) | c.30 minutes per day<br>Evening care, hygiene, meds, vitals | R 600 pm |
| Golden Hour care Package | 60 min daily, flexible time | R 1200 pm |
| Medication Package, Administration and ordering of medication and scripts | Monthly | R 250 pm |
| Wound Care (includes basic material) | Per visit | From R 100 |
| Companionship / Monitoring | Per hour | R 55 |
| Vital Signs Monitoring Only | Daily | R 600 pm |
| Hourly Care Mon-Saturday | Hourly | R 55 p.h |
| Hourly Care Sunday | Hourly | R 83 p.h |
| Hourly Care Public Holiday | Hourly | R 110 p.h |

## DAGBOEK & SAMESYN — *DIARY & SOCIAL EVENTS*




| GELEENTHEID | WANNEER / WAAR |
|---|---|
| MANNE-ONTBYT | 1ste WOENSDAGOGGEND van ELKE MAAND 08:30 |
| VROUE-ONTBYT | SOOS per AANKONDIGING |
| DAMESKLUB | 1ste WOENSDAGMIDDAG van ELKE MAAND 14:30 |
| WATER-*AEROBICS* | WEEKLIKS DINSDAE 08:00 en VRYDAE 08:00 |
| OEFENKLAS | WEEKLIKS DINSDAE 09:20 en VRYDAE 09:20 |
| RUMMIKUB | WEEKLIKS DONDERDAE 14:30 |
| VEERPYLTJIES | WEEKLIKS DONDERDAE 14:30 |
| BYBELSTUDIE | 1ste DONDERDAG van ELKE MAAND 10:00<br>In die SITKAMER van die OORD<br>Onder Leiding van Ds ANDRé de VILLIERS |